## 26 Julie - MANNA

**Skrifgedeelte: Numeri 11:4-15**
**Fokusgedeelte: Numeri 11:6**

Die Here lei die Israeliete uit die slawerny van Egipte na die beloofde land. Op die trekpad deur die woestyn sorg die Here vir hulle. Hy gee aan hulle manna uit die hemel. Vir elke dag is daar genoeg manna om te eet.

Na 'n tyd kom die Israeliete in opstand. *"Maar nou wurg ons. Daar is niks behalwe hierdie manna voor ons nie"* (Num 11:6). Hulle verlang terug na Egipte. Die vis, komkommers, waterlemoene, prei, uie en knoffel wat hulle in Egipte geëet het, was soveel beter as die manna. Daarby het hulle 'n onweerstaanbare lus vir vleis gekry.

Hulle kyk nie meer vooruit na die beloofde land nie. Hulle twyfel aan die almag en die versorging van die Here. Die manna waarmee die Here die Israeliete elke dag voed, is vir hulle nie meer genoeg nie.

So baie keer gebeur dit dat ons ook opstandig raak vir die wyse waarop die Here ons versorg. Ons huis, werk, inkomste, kos en klere is nie genoeg nie. Ons smag na meer en beter. So vergeet ons dat die Here ons elke dag versorg. Ons vergeet dat alles wat ons het, gawes uit die hand van die Here is.

Die Here skenk aan ons die grootste gawe van alle tye. Soveel meer as die manna in die woestyn. Soveel meer as wat ons elke dag uit sy hand ontvang. Ons ontvang Jesus Christus as die brood uit die hemel, die manna, die voedsel op ons trekpad na die ewigheid.

Jesus het self verkondig: *"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, dit is nie Moses wat die brood uit die hemel aan julle gegee het nie, maar my Vader gee julle die ware brood uit die hemel."* Hy het ook gesê: *"Ek is die brood van die lewe, wie na My toe kom, sal nooit meer honger kry nie, en wie in My glo, sal nooit weer dors kry nie"* (Joh 6:32, 35).

*Sing: Psalm 103:1, 7 (1936-beryming)* — *Ds AF Berg (Bothaville)*